Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(5) by the addition in sub-paragraph (ii) of paragraph (*b*) of sub-section (2) of section 13 after the word "association", where it occurs for the first time, of the words "or associations" and by the substitution for the word "is", where it occurs for the first time, of the expression "is/are";

(6) by the addition in sub-paragraph (ii) of paragraph (*c*) of sub-section (2) of section 13 after the word "association", where it occurs for the first time, of the words "or associations" and by the substitution for the word "is", where it occurs for the first time, of the expression "is/are";

(7) by the addition in sub-paragraph (iii) of paragraph (*c*) of sub-section (2) of section 13 after the word "association", where it occurs for the first time, of the words "or associations" and by the substitution for the word "is", where it occurs for the first time, of the expression "is/are"; and

(8) by the substitution for section 15 of the following section:—

"15. The financial year under this scheme shall be the period from the first day of July in each year to the thirtieth day of June in the following year".

## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. R. 2122.] [28 December 1962.

CORRECTION NOTICE.

CUSTOMS ACT, 1955.—(GOVERNMENT NOTICE No. R. 1066 OF 6TH JULY, 1962).

AMENDMENT OF ITEM 838 (4).

Government Notice No. R. 1066, dated 6th July, 1962, is hereby corrected by the substitution in the third column of the Schedule for the expression "The whole duty." of the expression "To the extent of the intermediate duty."

### DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. R. 2130.] [28 December 1962.

NOTICE IN TERMS OF SECTION *FIVE TER* OF THE SUPPRESSION OF COMMUNISM ACT, 1950 (ACT No. 44 OF 1950).

By virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *five ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), I, BALTHAZAR JOHANNES VORSTER, Minister of Justice of the Republic of South Africa, hereby prohibit all persons—

(*a*) whose names appear on any list in the custody of the officer referred to in section *eight* of the said Act;

(*b*) who were office-bearers, officers or members of any organization which has under sub-section (2) of section *two* of the said Act been declared to be an unlawful organization; or

(*c*) in respect of whom any prohibition under the said Act by way of notices addressed and delivered or tendered to them is in force,

and—

(i) who are not office-bearers, officers or members of an organization referred to in Part I or II of the Annexure to the Notice, from becoming office-bearers, officers or members of any such organization; or

(5) deur in sub-paragraaf (ii) van paragraaf (*b*) van subartikel (2) van artikel 13 na die woord "vereniging", waar dit vir die eerste keer voorkom, die woorde "of verenigings" in te voeg;

(6) deur in sub-paragraaf (ii) van paragraaf (*c*) van subartikel (2) van artikel 13 na die woord "vereniging", waar dit vir die eerste keer voorkom die woorde "of verenigings" in te voeg;

(7) deur in sub-paragraaf (iii) van paragraaf (*c*) van sub-artikel (2) van artikel 13 na die woord "vereniging", waar dit vir die eerste keer voorkom, die woorde "of verenigings" in te voeg; en

(8) deur artikel 15 deur die volgende artikel te vervang:—

"15. Die boekjaar ooreenkomstig hierdie skema is die tydperk van die eerste dag van Julie in elke jaar tot die dertigste dag van Junie in die daaropvolgende jaar."

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

No. R. 2122.] [28 Desember 1962.

VERBETERINGSKENNISGEWING.

DOEANEWET, 1955.—(GOEWERMENTSKENNISGEWING No. R. 1066 VAN 6 JULIE 1962).

WYSIGING VAN ITEM 838 (4).

Goewermentskennisgewing No. R. 1066, gedateer 6 Julie 1962, word hierby gewysig deur in die derde kolom van die Bylae die uitdrukking „Die hele reg." deur die uitdrukking „Tot die bedrag van die intermediêre reg." te vervang.

### DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. R. 2130.] [28 Desember 1962.

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL *VYF TER* VAN DIE WET OP DIE ONDERDRUKKING VAN KOMMUNISME, 1950 (WET No. 44 VAN 1950).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyf ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), verbied ek, BALTHAZAR JOHANNES VORSTER, Minister van Justisie van die Republiek van Suid-Afrika, hierby alle persone—

(*a*) wie se name voorkom op 'n lys in bewaring van die beampte vermeld in artikel *agt* van genoemde Wet;

(*b*) wat ampsdraers, beamptes of lede was van 'n organisasie wat kragtens subartikel (2) van artikel *twee* van genoemde Wet tot 'n onwettige organisasie verklaar is; of

(*c*) ten opsigte van wie 'n verbod kragtens genoemde Wet by wyse van kennisgewings aan hulle gerig en oorhandig of aangebied van krag is,

en—

(i) wat nie ampsdraers, beamptes of lede van 'n organisasie genoem in Deel I of II van die Bylae van die Kennisgewing is nie, om ampsdraers, beamptes of lede te word van enige sodanige organisasie; of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(ii) who are office-bearers, officers or members of an organization referred to in Part I or II of the said Annexure, from being office-bearers, officers or members of any such organization as from the 1st February, 1963,

unless my written consent thereto, or that of the magistrate concerned has been obtained.

This prohibition shall not apply to a trade union or employers' organization registered as such in terms of the Industrial Conciliation Act, 1956 (Act No. 28 of 1956).

B. J. VORSTER,
Minister of Justice.

## ANNEXURE.

### PART I (PARTICULAR ORGANIZATIONS).

1. African Peoples Democratic Union of Southern Africa.
2. African Students Association.
3. African Students Union of South Africa.
4. African Youth League, also known as Langa Youth League.
5. All-African Convention.
6. Anti-Coloured Affairs Department.
7. Basutoland Congress Party.
8. Bechuanaland Peoples Party.
9. Cape African Teacher's Association.
10. Cape Peace Council.
11. Civil Rights League.
12. Congress Alliance, also known as Congress Movement or Congress of the People.
13. Federation of South African Women.
14. Modern Youth Society.
15. Natal Indian Congress.
16. Natal Indian Congress Youth League.
17. Natal Peace Council.
18. Non-European Unity Movement.
19. Progressive Forum.
20. Society of Youth Africa.
21. South African Coloured Peoples Congress.
22. South African Congress of Trade Unions.
23. South African Congress of Youth.
24. South African Democratic Union.
25. South African Indian Congress.
26. South African Peace Council.
27. South African Society of Peace and Friendship with the Soviet Union.
28. South-West Africa National Union.
29. South-West Africa Peoples' Organisation.
30. Students Liberal Association.
31. Swaziland Progressive Party.
32. Teachers League of South Africa.
33. Transvaal Indian Congress.
34. Transvaal Indian Youth Congress.
35. Transvaal Peace Council.
36. Youth Action Committee.

### PART II (ORGANIZATIONS OF A SPECIFIED NATURE, CLASS OR KIND).

1. Any organization which is in any manner affiliated to or a subsidiary of any organization mentioned in Part I or which promotes or furthers or performs any act or is engaged in any activity which is calculated to promote or further any of the objects of any such organization or which has an object the achievement or promotion or furtherance of any object of any such organization.

2. Any organization which in any manner propagates, defends, attacks, criticises or discusses any form of State or any principle or policy of the Government of a State, or which in any manner undermines the authority of the Government of a State.

(ii) wat ampsdraers, beamptes of lede is van 'n organisasie genoem in Deel I of II van genoemde Bylae, om vanaf 1 Februarie 1963 ampsdraers, beamptes of lede te wees van enige sodanige organisasie,

tensy my skriftelike toestemming daartoe, of dié van die betrokke landdros verkry is.

Die verbod het nie betrekking op 'n vakvereniging of werkgewersorganisasie wat ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956 (Wet No. 28 van 1956), as sodanig geregistreer is nie.

B. J. VORSTER,
Minister van Justisie.

## BYLAE.

### DEEL I (BEPAALDE ORGANISASIES).

1. African Peoples Democratic Union of Southern Africa.
2. African Stüdents Association.
3. African Students Union of South Africa.
4. African Youth League, ook bekend as Langa Youth League.
5. All-African Convention.
6. Anti-Coloured Affairs Department.
7. Basutoland Congress Party.
8. Bechuanaland Peoples Party.
9. Cape African Teachers' Association.
10. Cape Peace Council.
11. Civil Rights League.
12. Congress Alliance, ook bekend as Congress Movement of Congress of the People.
13. Federation of South African Women.
14. Modern Youth Society.
15. Natal Indian Congress.
16. Natal Indian Congress Youth League.
17. Natal Peace Council.
18. Non-European Unity Movement.
19. Progressive Forum.
20. Society of Young Africa.
21. South African Coloured Peoples Congress.
22. South African Congress of Trade Unions.
23. South African Congress of Youth.
24. South African Democratic Union.
25. South African Indian Congress.
26. South African Peace Council.
27. South African Society of Peace and Friendship with the Soviet Union.
28. South-West Africa National Union.
29. South-West Africa Peoples' Organisation.
30. Students Liberal Association.
31. Swaziland Progressive Party.
32. Teachers League of South Africa.
33. Transvaal Indian Congress.
34. Transvaal Indian Youth Congress.
35. Transvaal Peace Council.
36. Youth Action Committee.

### DEEL II (ORGANISASIES VAN 'N BEPAALDE AARD, KLAS OF SOORT).

1. Enige organisasie wat op enige wyse geaffilieer of ondergeskik is aan 'n organisasie genoem in Deel I of wat enigeen van die oogmerke van enige sodanige organisasie aanmoedig of bevorder of 'n handeling verrig of deelneem aan enige bedrywigheid wat bereken is om enige sodanige oogmerk aan te moedig of te bevorder of wat die verwesenliking of aanmoediging of bevordering van enige oogmerk van enige sodanige organisasie as 'n doelstelling het.

2. Enige organisasie wat op enige wyse enige Staatsvorm of enige beginsel of beleid van die Regering van 'n Staat aanmoedig, verdedig, aanval, kritiseer of bespreek, of wat op enige wyse die gesag van die Regering van 'n Staat ondermyn.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



3. Any trade union or employers' organization as defined hereunder, viz.—

"trade union" means any number of employees in any particular undertaking, industry, trade or occupation associated together primarily for the purpose of regulating relations in that undertaking, industry, trade or occupation between themselves or some of them and their employers or some of their employers;

"employers' organization" means any number of employers in any particular undertaking, industry, trade or occupation associated together primarily for the purpose of regulating relations in that undertaking, industry, trade or occupation between themselves or some of them and their employees or some of their employees.

3. Enige vakvereniging of werkgewersorganisasie soos hieronder omskryf te wete—

"vakvereniging" beteken enige aantal werknemers in 'n bepaalde onderneming, nywerheid, bedryf of beroep wat verenig is hoofsaaklik met die doel om verhoudings tussen hulle of party van hulle en hul werkgewers of party van hul werkgewers in daardie onderneming, nywerheid, bedryf of beroep te reël;

"werkgewersorganisasie" beteken enige aantal werkgewers in 'n bepaalde onderneming, nywerheid, bedryf of beroep wat verenig is hoofsaaklik met die doel om verhoudings tussen hulle of party van hulle en hul werknemers of party van hul werknemers in daardie onderneming, bedryf of beroep te reël.

## CONTENTS.


| No. | | PAGE |
|---|---|---|
| | **PROCLAMATION.** | |
| R. 337. | Milk Scheme: Amendments ... ... ... ... | 1 |
| | **Department of Customs and Excise.** | |
| | GOVERNMENT NOTICE. | |
| R.2122. | Customs Act, 1955: Agreement of Item 838 (4): Correction ... ... ... ... ... ... | 2 |
| | **Department of Justice.** | |
| | GOVERNMENT NOTICE. | |
| R.2130. | Notice in Terms of Section 5 *ter* of the Suppression of Communism Act, 1950 | 2 |


## INHOUD.


| No. | | BLADSY |
|---|---|---|
| | **PROKLAMASIE.** | |
| R. 337. | Melkskema: Wysigings ... ... ... ... ... | 1 |
| | **Departement van Doeane en Aksyns.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWING. | |
| R.2122. | Doeanewet, 1955: Wysiging van Item 838 (4): Verbetering ... ... ... ... ... | 2 |
| | **Departement van Justisie.** | |
| | GOEWERMENTSKENNISGEWING. | |
| R.2130. | Kennisgewing Ingevolge Artikel 5 *ter* van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 ... ... ... ... ... ... | 2 |



# GEOLOGICAL MAP OF THE UNION

## Scale 1/1,000,000 (4 sheets)

### PRICE R2.00 per set

OBTAINABLE FROM THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA and CAPE TOWN

# GEOLOGIESE KAART VAN DIE UNIE

## Skaal 1/1,000,000 (4 dele)

### PRYS R2.00 per stel

VERKRYGBAAR BY DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA en KAAPSTAD


The Government Printer, Pretoria. | Die Staatsdrukker, Pretoria.



1—408